



**Solidariteit<sup>®</sup>  
Helpende Hand**

# NOOD GIDS

Wat gedoen moet word wanneer iemand onverwags sterwe en om voor te berei vir jou eie afsterwe



Solidariteit  
Beweging

[www.helpendehand.co.za](http://www.helpendehand.co.za)

## Inhoudsopgawe

1. Wat gedoen moet word wanneer iemand onverwags sterwe
2. Vir jouself
3. Wanneer iemand sterwe
4. Maak die eerste oproepe
5. Skakel die versekeringsmaatskappye
6. Versamel belangrike dokumente
7. Uitvoering van die testament
8. Indien daar geen testament is nie (intestate afsterwe)
9. Wat as daar geen fondse is om te betaal vir 'n begrafnis nie?
10. Het jy al die regte dokumente?
11. In geval van nood – lys van nommers om uit te druk

## 1. Wat gedoen moet word wanneer iemand onverwags sterwe

Wanneer iemand naby aan jou sterwe, is daar skielik baie eise wat aan jou aandag gestel word en baie take wat verrig moet word. Hierdie dokument bevat 'n lys take wat jou deur hierdie moeilike tyd kan help. 'n Goeie idee is om hierdie gids uit te druk en saam met al jou dokumente op 'n veilige plek te bêre. Jy kan ook afskrifte by familie en vriende los.

## 2. Vir jouself

- Sien eerste om na jouself, jou gesin en jou huis.
- Skakel jou werkgewer om menslikheidsverlof te neem.
- Wees voorbereid op onvoorsiene uitgawes.
- Maak gebruik van jou ondersteuningsnetwerk. Vra mense om te help met reëlings, kos en veral telefoonoproepe.
- Onthou om tyd te maak om te eet en te rus, selfs al het jy nie lus nie.
- Maak voorsiening vir die rouproses, en gaan spreek 'n berader indien jy voel jy het nodig om met iemand te gesels. Baie kerke bied 'n gratis beradingsdiens aan.
- Hou in gedagte dat dit soms meer as 'n jaar lank mag duur voordat die proses afgehandel is.

## 3. Wanneer iemand onverwags sterwe

- Indien die dood onverwags intree, skakel nooddienste om 'n ambulans te ontbied.
  - Verskillende areas het verskillende noodnommers. Maak vooraf 'n lys van noodnommers vir jou area, of kyk in die telefoongids.
  - Skakel die gemeenskapspolisiëringsforum vir hul raad en hulp as jy onseker is.
  - Indien die persoon aan onnatuurlike oorsake dood is, ontbied die polisie. Later sal jy 'n verklaring by die polisie moet kry wat hulle opstel. Na die nadoodse ondersoek sal 'n patoloog 'n doodsberig uitreik.
- Indien jy weet wie die oorledene se dokter is, of indien hy of sy reeds onder mediese sorg was, skakel die betrokke dokter.
- Voorsien alle mediese inligting waarvan jy bewus is aan die nooddienste.
- Neem in ag dat die lyk geïdentifiseer sal moet word. Neem beide jou eie en die afgestorwene se ID-dokumente saam na die lykskouing.

## 4. Maak die eerste oproepe

- Indien jy alleen is, vra iemand om by jou te wees terwyl jy die oproepe maak.

- Skakel naby familie en vriende.
- Skakel sleutelpersone om die nuus namens jou te versprei.
- Skakel jou leraar om jou en jou gesin by te staan, of vra iemand om dit te doen.
- Skakel die werkgewer.
  - Vra oor die afgestorwene se voordele en uitstaande betalings
  - Vra of daar 'n lewenspolis en/of 'n groepskema was, wie die bevoordeelde is en hoe om te werk te gaan om dit op te eis.
  - Hierdie inligting sal aan die begrafnisondernemer voorsien moet word.
- Indien jy 'n lid van die Solidariteit Vakbond is, kwalifiseer jy outomaties vir 'n begrafnisvoordeel vir jouself, jou gade en twee afhanklike kinders. Die Vakbond is ook gekontrakteer aan Avbob en Martin's vir alle begrafnisdienste. Word nou 'n lid van Solidariteit: 0861 25 24 23.
- Skakel 'n begrafnisondernemer wat jou sal help –
  - indien nodig, om 'n vorm in te vul wat die begrafnisondernemer toestemming gee om die liggaam te vervoer.
  - om die liggaam te vervoer: 'n Permit sal gereël moet word by die plaaslike Departement van Binnelandse Sake.
  - om die begrafnis en/of seremonie te reël.
  - om 'n kis en 'n grafsteen te kies.
  - om 'n doodskennisgewing by 'n mediese praktisyn, en afskrifte daarvan, te kry. Die vorm BI-1663 moet ingevul word om die dood te registreer by jou naaste Departement van Binnelandse Sake, Polisiekantoor of geregistreerde begrafnisondernemer. 'n Doodsverslag (vorm BI-1680) sal aan jou uitgereik word tesame met 'n begrafnisbevel (vorm BI-14), en ook 'n verkorte doodsertifikaat. Dis belangrik om die dood te registreer en om te sorg dat alle informasie hier korrek is. Dit moet binne vyf dae by die Meester van die Hoogeregshof gedoen word.
  - om 'n doodsertifikaat te kry. Jy het die doodskennisgewing en begrafnisbevel nodig om aansoek te doen om 'n doodsertifikaat. Dit kan tot twee weke neem vir die sertifikaat om uitgereik te word. Die aansoek moet ingedien word by die Departement van Binnelandse Sake deur vorm BI-132 in te vul en die bedrag te betaal. Sommige begrafnisondernemers kan hierdie proses namens jou hanteer.
  - deur rou-ondersteuning aan jou te gee of jou te verwys na ander hulpbronne.

- om die afgestorwene se werkgewer in kennis te stel, sowel as die prokureur, rekenmeester, versekeringsmaatskappye en banke.
- om die doodsberig op te stel wat in plaaslike koerante geplaas moet word.
- om geliefdes in kennis te stel van die persoon se dood.
- om die begrafnis of verassing te reël, die begrafnisbrief op te stel en blomme en verversings te voorsien.
- Probeer vasstel of die persoon 'n 'einde van lewe'-plan gehad het.
  - Solidariteit-lede het 'n gratis begrafnisvoordeel vir hulself en hul gades.
  - Party diensverskaffers voorsien gratis begrafnisvoordele, bv. as jy 'n Edgars-rekening of Telkom-rekening het. Vind uit of die persoon ekstra begrafnisvoordele het.
- Indien 'n verassing verkies word, sal 'n tweede dokter 'n nadoodse ondersoek moet doen en sertifiseer dat daar geen beletsel is teen die verassing van die lyk nie.

#### Skakel die lewensversekeringsmaatskappye

- Vind uit of daar 'n eksekuteur vir die afgestorwene se testament is. Maak seker hierdie persoon is gewillig en dat alles op skrif gestel word. Moenie enigiemand net goedsmoeds vertrou nie.
- Vind uit of daar 'n begrafnispolis is, wie die bevoordeelde is en hoe om te werk te gaan om dit op te eis.
  - Jy kan nou 'n begrafnispolis of begrafnisplan uitneem, wat dekking bied vir begrafnisse.
- Vind uit of daar 'n lewenspolis is, wie die bevoordeelde is en hoe om te werk te gaan om dit op te eis. Om nou u lewensversekering en polisse op datum te bring kan u skakel met Solidariteit se Finansiële Dienste by 0861 10 10 05 of [sfdadmin@solidariteit.co.za](mailto:sfdadmin@solidariteit.co.za)
- Indien geen begrafnispolis bestaan nie, neem in ag dat 'n verassing baie goedkoper is.
- Dink hoe jy die begrafnisprosedures wil laat verloop.

#### 6. Versamel belangrike dokumente

Hierdie dokumente het jy nodig om die laaste belastingopgawes in te dien en ook om die boedelskuld te vereffen en en die boedel af te handel. Maak genoeg afskrifte van alle dokumente. Daar is sowat 15. Hou hierdie dokumente op 'n veilige plek.

- Heel eerste: vind uit of daar 'n testament is.

- Kry die oorspronklike testament en aanhangsels, indien enige.
  - Vir jouself: indien jy nie 'n testament het nie, laat een opstel. Jou bank of jou finansiële beplanner sal jou daarmee help, of as jy 'n lid van Solidariteit is, kan Solidariteit gratis een vir jou opstel. Word nou 'n lid van Solidariteit: 0861 25 24 23.
  - Indien daar geen testament is nie, kry 'n beëdigde verklaring wat sê dat jy die naasbestaande is (vorm J192 by polisiekantore).
  - Voltooi 'n inventarisvorm van alle bates en laste (vorm J243 by polisiekantore).
- Doodsertifikaat en gesertifiseerde afskrifte daarvan.
  - Geboorte- en huweliksertifikaat sowel as gesertifiseerde afskrifte daarvan.
  - Identiteitsdokumente en gesertifiseerde afskrifte daarvan (jou eie en dié van die afgestorwene).
  - Registrasie van dood-vorm se eerste drie bladsye.
  - Aktes.
  - Rekeninge.
  - Besigheidsooreenkomste.
  - Belastingopgawes.
  - Inkomstestate.
  - Voertuigregistrasiedokumente.
  - Leningsooreenkomste.
  - Bankrekeninge.
  - Indien die persoon in 'n motorongeluk sterwe, benodig jy ook die volgende:
    - Bestuurderslisensie en afskrifte daarvan.
    - Uitslae van bloedalkoholtoetse.
    - Gesertifiseerde afskrif van die verslag van die nadoodse ondersoek.
    - Gesertifiseerde afskrif van die hof se bevindinge.
  - 'n Foto van die afgestorwene vir die begrafnisbrief.

## 7. Uitvoering van die testament

- Solidariteit-vakbondlede kan hul testamente gratis laat opstel en stoor. Solidariteit: 0861 25 24 23.

- As jy en die afgestorwene 'n gesamentlike bankrekening het, kan jy dalk aangaan met besigheid.
- Indien nie, sal slegs die eksekuteur die bankrekening bedryf.
- Indien daar 'n testament is, sal 'n eksekuteur aangestel word.
- Is jy die eksekuteur van die afgestorwene se testament?
- Koste vir die uitvoering van die testament sal uit die boedel geneem word.
- Die eksekuteur sal die instruksies van die testament volg en die boedel beredder.

#### 8. Indien daar geen testament is nie (intestate afsterwe)

- Die meester van die Hooggeregshof sal bepaal hoe die boedel afgehandel moet word. Meer inligting:  
[http://www.justice.gov.za/master/m\\_deseased/deceased\\_intestate.html](http://www.justice.gov.za/master/m_deseased/deceased_intestate.html)
- Die hof sal 'n administrateur aanstel.
- As jy die administrateur is, sal jou verantwoordelikhede baie dieselfde as 'n eksekuteur s'n wees:
  - Betaal die krediteure.
  - Versprei bates.
  - Balanseer die bestorwe boedel.
  - Assesseer die bankstate.
  - Kanselleer versekeringskontrakte en debietorders.
  - Stel alle krediteure en kontrakteurs telefonies en skriftelik in kennis van die afsterwe. Lewer dokumente persoonlik af indien moontlik, en maak seker dit bereik die regte persoon. Kry 'n skriftelike erkenning van ontvangs van die doodsertifikaat.
  - Probeer om eiendom en karre eerste te hanteer, omdat betalings en versekering baie vinnig groot bedrae kan bereik.
- Koste vir die uitvoering van die testament sal uit die boedel geneem word.

#### 9. Wat as daar geen fondse is om te betaal vir 'n begrafnis nie?

- Indien jy 'n lid van die Solidariteit Vakbond is, kwalifiseer jy outomaties vir 'n begrafnisvoordeel vir jouself, jou gade en twee afhanklike kinders. Solidariteit het ook kontraktuele ooreenkomste met Avbob en Martin's vir alle begrafnisdienste. Word nou 'n lid van Solidariteit: 0861 25 24 23.
- Oorweeg 'n verassing eerder as 'n begrafnis, omdat dit goedkoper is.

- Vra jou begrafnisondernemer om die goedkoopste opsies te bied.
- Oorweeg 'n korttermynbanklening.
- Indien jy nie 'n lening kan of wil kry nie, skakel die plaaslike munisipaliteit.
- Doen aansoek om 'n begrafnis vir 'n armlastige. Daar sal 'n ondersoek gedoen word en verslag gedoen word. Dan, as dit goedgekeur word, sal die munisipaliteit 'n administrateur aanstel om die begrafnis te reël. Daar is net 'n geringe kans dat so 'n begrafnis goedgekeur sal word omdat die eintlike doel van so 'n begrafnis is om regtig baie arm mense wat te sterwe kom, soos haweloses, te begrawe.
- Indien die aansoek nie goedgekeur word nie sou die beste wees om met jou familie of kerk te skakel om te help.

Oorweeg om jou oorskot aan 'n universiteit te skenk vir mediese navorsing. Daar is sekere bepalings, bv. dat die persoon binne 60 km van die betrokke universiteit af sterwe; vind uit by jou plaaslike universiteit wat hul bepalings is. Gesels met die begrafnisondernemer, daar is geen kostes aan verbode nie en die oorskot kan ook by die diens beskikbaar gestel word (koste van die is afsonderlik). Die universiteit bied ook 'n opsie dat jy die as van die oorledene kan kry na 4 jaar. Daar is ook opsies om sekere uitslae wat jou gesin (kinders) kan beïnvloed te mag kry.

#### 10. Het ek al die regte dokumente gereed?

- Testament
  - Kry die oorspronklike testament en aanhangsels, indien enige.
  - Indien daar geen testament is nie, lê 'n beëdigde verklaring af dat jy die naasbestaande is (vorm J192 by polisiekantere).
  - Voltooi 'n inventarisvorm van alle bates en laste (vorm J243 by polisiekantere).
- Uitbetaling van jou polisse:
  - Pensioenbenoemingsvorm.
  - Mediese benoemingsvorm.
  - Sterftevoordeelevorm.
- Doodsertifikaat en gesertifiseerde afskrifte daarvan.
- Geboorte- en huweliksertifikaat sowel as gesertifiseerde afskrifte daarvan.
- Identiteitsdokumente en gesertifiseerde afskrifte daarvan (jou eie en dié van die afgestorwene)
- Registrasie van dood-vorm se eerste drie bladsye.



- Aktes.
- Rekeninge.
- Besigheidsooreenkomste.
- Belastingopgawes.
- Inkomstestate.
- Voertuigregistrasiedokumente.
- Leningsooreenkomste.
- Bankrekeninge.
- Indien die persoon in 'n motorongeluk sterwe, benodig jy ook die volgende:
  - Bestuurderslisensie en afskrifte daarvan.
  - Uitslae van bloedalkoholtoetse.
  - Gesertifiseerde afskrif van die verslag van die nadoodse ondersoek.
  - Gesertifiseerde afskrif van die hof se bevindinge.

In geval van nood

Noodnommers

Nooddienste: 10111

Vanaf selfoon: 112

Brandweer: 1027

Gemeenskapspolisiëringsforum: \_\_\_\_\_

Naaste hospitaal: \_\_\_\_\_

Naaste polisiestasie: \_\_\_\_\_

Persoonlike inligting in geval van nood

My bloedgroep: \_\_\_\_\_

My naasbestaandes se bloedgroepe:

Naam van naasbestaande: \_\_\_\_\_ Bloedgroep: \_\_\_\_\_

Naam van naasbestaande: \_\_\_\_\_ Bloedgroep: \_\_\_\_\_

Naam van naasbestaande: \_\_\_\_\_ Bloedgroep: \_\_\_\_\_

Naam van naasbestaande: \_\_\_\_\_ Bloedgroep: \_\_\_\_\_

Belangrike mediese inligting:

---

---

---

---

---

---

Besonderhede van my mediese fonds: \_\_\_\_\_

---

---

Wie om te kontak namens my

My naasbestaandes: \_\_\_\_\_

---

---

---

My werkgewer: \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

Indien ek sou sterwe

My identiteitsnommer:

\_\_\_\_\_

Waar om my testament en dokumente te kry:

\_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

My eksekuteur: \_\_\_\_\_

My prokureur: \_\_\_\_\_

My rekenmeester: \_\_\_\_\_

My Solidariteit-lidnommer: \_\_\_\_\_

My polisnommers: \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

My bankrekening: \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

Waar om my krediteure se details te kry:

\_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

Solidariteit: 0861 25 24 23

Solidariteit se Finansiële Dienste: 0861 10 10 05

Begrafnisondernemers:

- Martin's Funerals: 0860 911 777 (24 uur) [www.martinsfunerals.co.za](http://www.martinsfunerals.co.za)
- AVBOB: 086 11 28262 of noodlyn: 0861 386 3725 (24 uur)

[www.avbob.co.za](http://www.avbob.co.za)

- Doves Funerals: 0861 025 500 [www.doves.co.za](http://www.doves.co.za)

Ander belangrike nommers:

## HOE EN WAAR KAN EK HAND BYSIT?

### 1. SKENK

Ons het meer as 35 000 ondersteuners landwyd wat maandeliks finansiële bydrae en ons in staat stel om armoede te voorkom, verlig en verbreek. Jy kan ook deur 'n debietorder 'n maandelikse bydrae van minstens R50 maak. **SMS die woord "hand" na 39950** (SMS'e kos R2) en ons sal jou kontak. Jy kan ook 'n eenmalige bedrag aan Helpende Hand skenk. Ons bankbesonderhede is soos volg:

**Rekeningnaam:** Solidariteit Helpende Hand  
**Bank:** FNB  
**Takkode:** 250 655  
**Rekeningnommer:** 623 314 45503

### 2. SKENKINGSKANTORE

Helpende Hand se skenkingskantore is die middelpunt vir die insameling en verspreiding van lewensmiddele. Daar word daaglikse kos, klere, komberse, toerusting, boeke en ander lewensmiddele daarvandaan versprei. Die begunstigdes is tehuise vir bejaardes, kleuterskole, informele nedersettings en individue wat hulp benodig. Ons takke ontvang ook skenkings en versprei dit deur hul netwerke na behoeftige gemeenskappe. Besoek [www.helpendehand.co.za](http://www.helpendehand.co.za) vir jou naaste kantoor.

### 3. VRYWILLIGERS BY TAKKE

Meer as 1 000 projekte is in 2015 by 150 Helpende Hand-takke aangepak. Word deel van die span van minstens 1 200 vrywilligers wat op plaaslike vlak werk. Skakel **012 644 4390** of stuur 'n e-pos na [diens@helpendehand.co.za](mailto:diens@helpendehand.co.za) om na jou naaste tak verwys te word.

## KONTAK ONS SÓ!

- ◆ **Tel:** 0861 25 24 23 of 012 644 4390
- ◆ **Faks:** 086 218 3216
- ◆ **E-pos:** [diens@helpendehand.co.za](mailto:diens@helpendehand.co.za)
- ◆ **SMS:** die woord "hand" na 39950 (SMS'e kos R2)
- ◆ **Aanlyn:** [www.helpendehand.co.za](http://www.helpendehand.co.za) of volg ons op Facebook, YouTube en Twitter.

Solidariteit Helpende Hand is 'n geregistreerde handelsmerk en deel van die Solidariteit Beweging

